CAPESPAN

Capespan Groep Beperk
Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
Registrasienommer: 2008/016971/06
("Capespan")

CAPESPAN VERKRYGING VAN OORBLYWENDE 50%-BELANG IN CAPESPAN INTERNATIONAL HOLDINGS BEPERK VAN TOTAL PRODUCE PLC

Aandeelhouers word verwys na die omsigtigheidsaankondiging gedateer Vrydag, 25 November 2011.

Capespan is bly om aan te kondig dat ooreenkomste gesluit is om die oorblywende 50%-aandeelhouding in Capespan International Holdings Beperk, die Groep se bemarkingsarm in Europa en die Verenigde Koninkryk, van Total Produce Plc aan te koop ("**die Transaksie**").

Die koopsom van €13 029 965 vir die Transaksie sal gedeeltelik in kontant vereffen word, en gedeeltelik deur die uitreiking van 20 000 000 nuwe Capespan-aandele ("**die Ekwiteit-teenprestasie**"). Die Ekwiteit-teenprestasie is onderhewig aan Capespan aandeelhouers se goedkeuring en 'n omsendbrief in hierdie verband sal vroeg in 2012 aan aandeelhouers gepos word.

Die transaksie is onderhewig aan, *inter alia*, die verkryging van al die nodige regulatoriese goedkeurings, insluitend die goedkeuring van die transaksie deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank teen nie later as 31 Maart 2012 nie.

Die finansiële uitwerking van die transaksie sal met verloop van tyd in die omsendbrief en/of in 'n verdere aankondiging aan aandeelhouers gekommunikeer word. Gevolglik word aandeelhouers aangeraai om steeds omsigtig te wees wanneer hulle in hul Capespan aandele handel.

Bellville
23 Desember 2011